Corrective actions taken to ensure that strategic objectives as stipulated in the IDP were achieved.	No
Methods used/implemented to improve public participation and accountability.	No
Statement of corrective actions whereby service delivery can be improved.	No
Municipal Managers foreword	Yes
Functions and Powers of the municipality/entity in relation to section 155/156 of the Constitution and Chapter 3 of the MSA.	No
Sector departments and the sharing of functions between the municipality/entity and sector departments.	No
A statement on the previous financial year's audit opinion.	Yes
Information related to the revenue trend by source including borrowings undertaken by the municipality.	Yes
The internal management changes in relation to section 56/57 managers.	Yes
Risk assessment, including the development and implementation of measures to mitigate the top 5 risks.	No
Municipal Overview	Yes
Information on socio-economic conditions (demographics, economic growth, population, growth)	Yes (Limited economic information included.)
Outcomes of both success and not so successful initiatives embarked upon.	No (Highlights and challenges detailed in the Mayor's foreword and MM's overview respectively.)

	Yes/No
Chapter 2: Governance	
Component A: Governance Structures, Political Governance Structure and Administrative Governance Structure.	Yes
Component B: Intergovernmental Relations: Intergovernmental Relations.	Yes
Component C: Public Accountability and Participation (Public Meetings and IDP Participation and Alignment.	Yes
Component D: Corporate Governance (Risk Management, Anti-corruption and fraud, Supply Chain Management, By-laws, Websites, Public Satisfaction on Municipal Services, All municipal oversight committees.	Yes (By laws ('names/titles') not listed; Oversight committees not included.)
Chapter 3: Service Delivery	
Component A: Basic services, Housing and free basic services	Yes
Component B: Road Transport- Roads , transport	Yes
Component C: Planning and Development	Yes
Component D:Community and social services	Yes
Component E: Environmental protection	Yes
Component F: Health	N/A
Component G: Safety and security	Yes
Component H: Sport and recreation	Yes
Component I: Corporate policy offices and other services	Yes
Chapter 4: Organisational Development Performance	
Component A: Introduction to the municipal workforce (Total Employment, to include staff turnover)	Yes
Component B: Managing the municipal workforce Levels on reporting should be broken down to MM & section 56, top management, assistant managers, supervisors, etc.	Yes
Component C: Capacitating the municipal workforce.	Yes
Component D: Managing the municipal workforce expenditure.	Yes
Chapter 5: Financial Performance	
Component A: Statement of Financial Performance	Yes
Component B: Spending against Capital Budget	Yes
Component C: Cash flow Management and Investment	Yes

	Yes/No
Component D: Other Financial Matters	No
Chapter 6: Auditor-General Audit Findings	
2013/14 Audit Opinion	Yes
2014/15 Audit Opinion	Yes

According to MFMA Circular 63, the following information must be completed and added to the Annual report to ensure that it complies with the requirements of various legislations:

Appendices	Yes/No
Appendix A: Councillors; Committee Allocation and Council Attendance	Yes
Appendix B: Committee and Committee Purpose	Yes
Appendix C: Third Tier Administrative Structure	Yes
Appendix D: Functions of Municipality/Entity	Yes
Appendix E: Ward Reporting	Yes (Functionality of the ward committees)
Appendix F: Ward Information	No
Appendix G: Recommendations of the Municipal Audit Committee	Yes
Appendix H: Long Term Contracts and Public Partnerships	Yes
Appendix I: Municipal entity/Service Provider Performance	N/A
Appendix J: Disclosure of Financial interest	N/A
Appendix K: Revenue Collection Performance	Yes
Appendix L: Conditional Grants Received : excluding MIG	Yes
Appendix M: Capital Expenditure –New & upgrade /Renewal Programmes :Including MIG	Yes
Appendix N: Capital Programme by project current year	Yes
Appendix O: Capital Programme by Project by Ward Current Year	Wards indicated in Appendix N
Appendix P: Service Connection Backlogs at schools and Clinics	No
Appendix Q: Service Backlogs Experienced by the Community where another Sphere of Government is responsible for Service Provision	No
Appendix R: Declaration of Loans and Grants made by the Municipality	Yes
Appendix S: Declaration of Returns not made in due Time under MFMA s71	Yes

	(None)
Appendix T: National and Provincial Outcome for Local Government	N/A
Appendix U: 2014/15 Audited Financial Statements	Under separate cover

5. FINDINGS AND RECOMMENDATIONS

- The Annual Report complies with MFMA section 121 and is structured in terms of the prescripts of MFMA Circular 63.
- Most of the applicable appendices have been included.
- The Municipality is commended for achieving its fifth in a row clean audit in the 2014/15 financial year.
- The Municipality has included socio-economic information, although very little economic information has been included. For additional updated socio-economic information, the Municipality can consult the most recent Municipal Economic Review and Outlook: West Coast District as well as the Socio-Economic Profile for the Swartland Municipality. Both of these are documents that the Provincial Treasury releases to aid municipalities with planning information.
- Between June 2014 and June 2015, there has been a sharp increase in the number of indigent households within the municipal area (from 5 343 in 2014 to 8 173 in 2015). This increase in the number of households unable to pay for services places strain on the Municipality's budget and impacts on the municipality's resource base.
- The draft annual report contains a thorough analysis of the Municipality's service delivery performance.
- The key performance indicators and targets from the IDP for 2014/15 which is included in pages 33 - 42 shows that the municipality has 47 indicators of which 6 were not applicable for the year under review. Of the 41, 34 (or 82.9 per cent) of the targets were achieved while 7 (or 17.1 per cent) of the targets for 2014/15 were not achieved.
- It is recommended that the Municipality take cognisance of omissions highlighted above, and make changes where applicable and possible.



NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAL OP DONDERDAG, 31 MAART 2016 OM 12:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)	Sneewe, A M (ANC)
Cleophas, J H (DA)	Stanley, B J (DA)
Cox-Chetty, Y S (TPICO)	Stemele, O M (DA)
Fortuin, C (ANC)	Traut, L (DA)
Geel, B W (DA)	Van der Merwe, J I (COPE)
Humphreys, F S (ANC)	Van der Westhuizen, R F (DA)
Papers, C H (DA)	Van Zyl, M (DA)
Philander, D B (ANC)	Wilskut, W (DA)
Rangasamy, M (DA)	Zatu, N S (ANC)
Sedeman, A C (DA)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C M Cloete.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen.

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2014/2015 JAARVERSLAG (7/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2014/2015 finansiële jaar is ingevolgt artikel 127 van die MFMA op 28 Januarie 2016 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die MPAC het op 3 Maart 2016 vergader om die 2014/2015 Jaarverslag te oorweeg, en 'n oorsigverslag op te stel vir voorlegging aan die Raad.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met twee-en-twintig raadslede ten gunste daarvan.

Besluit/...

4.1/...

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesecondeer deur rdl C H Papers)

- Dat die Raad, gegewe hy die 2014/2015 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;
- Dat die 2014/2015 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;
- Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;
- Dat die 2014/2015 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

4.2 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/1)

Die vierde (laaste) hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 Maart 2016 en bied die Speaker geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen om die item ter tafel te lê.

Rdh Van Essen begin sy toespraak met die vraag: "Is ons verbonde aan 'n toekoms wat aan die volgende generasie redes vir hoop gee?"

In antwoord op gemelde vraag, gee die Uitvoerende Burgemeester 'n terugblik van die suksesse van Swartland Munisipaliteit oor die afgelope vyf jaar, onder andere die verskeie toekennings wat die Munisipaliteit ontvang het, die vyf agtereenvolgende skoon audits, doeltreffende stelsels wat geïmplementeer is ter verbetering van dienslewering en toonaangewende infrastruktuur wat geïnstalleer is. Rdh Van Essen verwys ook na die uitdagings wat Suid-Afrika ervaar en wat 'n groot invloed op die Munisipaliteit het, onder andere hernieuwe beurtkrag, maande lange posstakings, geweld en misdaad, werkloosheid, swak gesondheidsdienste, disfunksionele onderwysstelsel en stakings.

Die Uitvoerende Burgemeester verwys na die verslag tot die sakelys en verduidelik die wysigings aan die GOP sedert 2014/2105 soos vervat in die onderskeie hoofstukke van die GOP.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met twee-en-twintig raadslede ten gunste daarvan en word derhalwe –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat die hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die Areaplanne as konsepplanne goedgekeur word, waarna 'n verdere konsultasie- en verfyningproses gedurende April 2016 gevolg sal word.

4.3 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2016/2017, 2017/2018 EN 2018/2019 (5/1/1/1, 5/1/1/2)

[Rdl Y S Cox-Chetty verlaat die lokaal gedurende die bespreking van die item.]

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen hou die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2016/17, 2017/18 en 2018/19 finansiële jare aan die Raad voor soos oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 Maart 2016.

4.3/...

Rdh van Essen noem dat dit verblydend is dat die meerjarige begrotings van die Munisipaliteit, sowel as die onderskeie provinsiale en nasionale departement toon dat 'n bedrag van R6 176 133 703,00 in die nabye toekoms in die Swartland munisipale gebied spandeer sal word. Dit kan grotendeels toegeskryf word aan die feit dat Swartland Munisipaliteit as een van die beste munisipaliteite in Suid-Afrika beskou word.

Die Uitvoerende Burgemeester gaan voort om die aan die Raad voor te lê. Daar word gepoog om, te midde van die finansiële uitdagings, diensterekening bekostigbaar te hou en 'n gemiddelde verhoging van tussen 5% en 9% word voorsien vir huishoudings vir die 2016/2017 finansiële jaar.

In sy voorwoord (aangeheg as Aanhangsel A) word die volgende aanbevelings gemaak om verder ondersoek te word, naamlik:

- Aanbring van meer spoedwalle;
- Bou van speelplekke vir kinders met spesiale verwysing na laekoste-behuisingsgebiede;
- Aanbring van elektroniese waterbeheerstelsels en beleidsaanpassings om implementering daarvan af te dwing, waar nodig;
- 'n Vergroeningsprojek vir die Swartland oor die volgende vier jaar –
 - in alle wyke met befondsing uit die wykstoekennings;
 - opvoeding aan gemeenskap om rommelstrooi te bekamp of te voorkom moet deelgemaak word van vergroeningsprojek;
 - aanplant van 'n groot aantal bome, in oorleg met gemeenskap oor waar dit aangeplant moet word;
- Aanbring van 'groentenks' by deernishuishoudings om, in die lig van die heersende waterkrisis, ook geleentheid te gee dat hierdie huishoudings afvalwater kan opvang vir herverbruik.

Rdh T van Essen, in sy afsluiting van die begrotingsrede, spreek sy dank uit teenoor al die vennote in die proses om 'n suksesvolle meerjarige begroting op die tafel te plaas. Dank word spesifiek oorgedra aan die gemeenskappe van Swartland met die samewerking wat ontvang is om waterbesparings sedert die instelling van die waterbepoerings in Desember 2015 te bewerkstellig.

Die aanbevelings voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met een-en-twintig raadslede ten gunste daarvan en word derhalwe –

EENPARIG BESLUIT (soos aanbeveel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 Maart 2016)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

A: GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2016/2017; 2017/2018 EN 2018/2019

- (a) Dat die Raad die konsep meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering:**

		<u>Histories:</u>	<u>Tans:</u>
(1)	Kapitaalebegroting :	2015/2016 R 92 885 408	R
	Aansuiwerings Kapitaalebegroting:	2015/2016 R	R 83 701 437
	Kapitaalebegroting :	2016/2017 R	R 74 945 020
	Kapitaalebegroting :	2017/2018 R	R 92 115 550
	Kapitaalebegroting :	2018/2019 R	R 148 449 357
(2)	Bedryfsbegroting :		
	Totale Inkomste :	2015/2016 R 564 444 651	R
	Aansuiwerings Inkomstebegroting:	2015/2016 R	R 599 195 579
		2016/2017 R	R 648 309 465
		2017/2018 R	R 708 008 794
		2018/2019 R	R 726 955 363

4.3(a)/...

Uitgawe :	2015/2016	R 579 331 647	R
Aansuiwerings Uitgawebegroting:	2015/2016	R	R 607 236 171
	2016/2017	R	R 656 889 569
	2017/2018	R	R 706 839 207
	2018/2019	R	R 714 595 425

Surplus/ - Tekort :	2015/2016	-R 14 886 996	R
Aansuiweringsbegroting :	2015/2016	R	-R 8 040 592
	2016/2017	R	-R 8 580 104
	2017/2018	R	R 1 169 587
	2018/2019	R	R 12 359 938

- (b) Dat kennis geneem word dat die begrotingsbedrae nie as finaal aanvaar kan word nie, aangesien publieke insette nog gedurende April 2016 gelewer kan word, maar dat daar gepoog word om ten minste nie af te wyk van die voorgestelde tariewe soos per aangehegte skedules nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat die voorgestelde elektrisiteitstariewe soos voorgeskryf deur NERSA aan lg. middel Maart 2016 vir goedkeuring voorgelê moet word, en dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste hierna die navrae van NERSA sal hanteer in 'n poging om die voorgestelde tariefaanpassings te motiveer en, waar nodig, die betrokke tariefaansoek te wysig;
- (d) Dat die Raad derhalwe, met verwysing na paragraaf (c), die voorgestelde elektrisiteitstariewe vir die 2016/2017 finansiële jaar goedkeur, gedagtig daaraan dat dit steeds onderhewig is aan NERSA se finale goedkeuring;
- (e) Dat die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegroting ten aansien van die 2016/2017 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van –
- (i) Belastings;
 - (ii) Tariewe;
 - (iii) Projeksies van kontantvloeï (nou deel van Begrotingsformate)
 - (iv) Begrotingsverwante beleidsdokumente, naamlik:
 - Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg);
 - Tariefbeleid (gewysigde beleid aangeheg);
 - Eiendomsbelastingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg);
 - Voorsieningskanaalbestuursbeleid (gewysigde beleid word in Mei 2016 via UBK voorgelê);
 - Kontantbestuur- en Beleggingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg)
 - Batebestuursbeleid (gewysigde beleid aangeheg)
 - (v) Nuwe begrotingsverwante beleid:
 - Begroting Implementeringsbeleid (konsep beleid aangeheg)
- (f) Dat kennis geneem word dat die Bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste- en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie, ten einde die waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekening te bereken;
- (g) Dat die Raad kennis neem dat die besonderhede bekend is van die eksterne lenings en waardevermindering van die WKDM se waterinfrastruktuur oordrag tussen Swartland en die ander twee B-munisipaliteite (Bergrivier en Saldanhaabaai) en ingesluit is in die 2017/2018 begroting. Die waardevermindering vir 2017/2018 is gebaseer op dieselfde persentasie toedeling as die eksterne lenings, want die werklike bedrae is nog nie bekend nie. Die balans van die eksterne lenings soos op 1 Julie 2017 gaan R28 129 733 wees met rente van R4 707 416;
- (h) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

4.3/...

- (i) Dat die Raad kennis neem van die toenemende styging in personeelkoste, wat soos volg bedra:
- ten aansien van alle werknemers, uitgesluit die Munisipale Bestuurders en artikel 56 aanstellings, daar vir 'n 6% verhoging begroot is vir 2016/2017, 2017/2018 en 2018/2019 finansiële jare;
 - ten aansien van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, gebaseer op 'n markverwante verhoging wat jaarliks deur 'n professionele konsultant, Work Dynamics (*P E Corporate Services*) bepaal word. Alhoewel die uitslag ontvang is, sal dit met die 30 Dae Begroting hersien en gefinaliseer word;
- (j) In 'n poging om rekeninge bekostigbaar te hou en finansiële volhoubaarheid te verseker, asook die geloofwaardigheid van multi-jaar begrotings te verbeter, sal die gemiddelde verhoging op huishoudings vir die 2016/2017 finansiële jaar min of meer tussen 5% en 9% wees;

Die volgende is hoofbydraers tot die toename:

Eiendomsbelasting

As gevolg van die toename in die algemene waardasie, die tariewe vir eiendomsbelasting afgeneem behalwe vir Geografiese gebiede:

Landbougebiede	-20,91%
Residensieël	-13,77%
Besigheid	-10,75%
Staatseiendom	-10,75%
Pensioenarisse	-13,77%
Geografiese gebiede	10,85%

Die nuwe wysiging in die Eiendomsbelastingwet aangaande die geografiese gebiede (Grottoabaai en Jakkalsfontein) sal oor 'n tydperk van 7 jaar uitgefaseer word waarvan die huidige korting van 75% sal verminder onderskeidelik na 65%, 55%, 44%, 33%, 22%, 11% en in 2021/2022 sal die tarief gelykstaande wees aan die residensieël tarief;

Residensieël persele in landbougebiede ontvang tans 'n afslag van 76% (tarief is 24% van residensieël). Hierdie afslag sal verander na 78% (tarief is 22% van residensieël) vir die 2016/2017 finansiële jaar;

Inwoners wat die geregistreerde eienaars van 'n residensieël eiendom is en 65 jaar en ouer word in die boekjaar, ontvang tans 'n R200 000 afslag. Hierdie bedrag sal verander na R300 000 vir die 2016/2017 finansiële jaar;

Die munisipaliteit kan finansiële bystand verleen waar die eiendom wat deur die eienaar bewoon word teen R95 000.00 of minder gewaardeer word, of soos jaarliks deur die raad bepaal, en die gekombineerde inkomste van al die persone wat op die eiendom woon, nie R4 515.00 oorskry nie;

Elektrisiteit Tariewe

NERSA het 'n 9.4% tariefverhoging vir Eskom se direkte kliënte goedgekeur met ingang van 1 April 2016. In terme van 'n konsultasiedokument wat uitgereik is deur NERSA vir kommentaar, is die Eskom tariefaanpassing vir munisipaliteite 7.86% vanaf 1 Julie 2016 met inagneming van die terugwerkende 3 maande tarief soos vereis deur Eskom, sowel as die 14,24% Eskom verhoging wat sedert 1 Julie 2015 effektief is. As gevolg hiervan, is die nominale toelaatbare tariefverhoging vir munisipale elektrisiteitstariewe vir herverkope 7,64% soos bepaal deur NERSA. Die voorgestelde tariefaanpassings vir 2016/17 is gebaseer op die nominale toelaatbare verhoging asook riglyne per tarief kategorie soos uitgereik deur NERSA in terme van die konsultasiedokument. Dit word aanbeveel voor goedkeuring, dat die voorgestelde tariefaanpassings by NERSA ingedien word vir oorweging en finale goedkeuring.

Water tariewe/...

4.3/...

Water Tariewe

Gratis 5kl water vir huishoudings verminder na 4kl vir die 2016/2017 finansiële jaar.

Gratis 9kl water vir Deernishuishoudings verminder na 8kl vir die 2016/2017 finansiële jaar.

Verandering in water glyskale:

2015/2016 (Huidige Finansiële Jaar)	2016/2017 (Nuwe Finansiële Jaar)
0 – 5 KL = Gratis	0 – 4 KL = Gratis
6 – 30 KL	5 – 25 KL
31 – 60 KL	26 – 50 KL
61 KL en meer	51 KL en meer

- (k) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfstekort en surpluse in die Bedryfsbegroting, sowel as die kontantvloeistaat vir die huidige sowel as die daaropvolgende drie finansiële jare:
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is 4.44 maande vir 2016/2017, 3.89 maande vir 2017/2018 en 3.17 maande vir 2018/2019;
 - oor die drie finansiële jare sal daar 'n bedryfstekort wees vir 2016/17 van - R8 580 104 en surpluse in 2017/2018 van R 1 169 587 en 2018/2019 van R12 359 938;
- (l) Dat die waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die begrotings dokumentasie ten opsigte van verslagdoening aan die Provinsiale- en Nasionale Tesourie;
- (m) Dat kennis geneem word van die voorwoord (hierby aangeheg as Aanhangsel A) van die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en dat die algemene aanbevelings soos hierbo vermeld, na die bestuursplan verwys word vir verdere aandag.

4.4 VOORLOPIGE 2016/2017 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGS-PLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2016/2017 Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Artikel 53 van die MFMA bepaal dat die SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei. Nieteenstaande voormelde wetlike vereiste, is 'n omsendskrywe (Mun Nr. 2/2013) vanaf die Provinsiale Tesourie ontvang waarin die Munisipale Bestuurder versoek word om 'n konsep SDBIP reeds in Maart saam met die begrotingsdokumente aan die Raad voor te lê om 'n meer sinvolle beoordeling van die begroting te verseker.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die aangehegte 2016/2017 Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) as 'n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

GETEKEN:
SPEAKER